[redacted]

**From:** Konvokasie <konvokasie@sun.ac.za>
**Sent:** Wednesday, 18 March 2026 20:32
**To:** [redacted]
**Subject:** Convocation: Nominations | Konvokasie: Nominasies [redacted]




Klik hier vir Afrikaans

**NOTICE TO ALL MEMBERS OF CONVOCATION OF STELLENBOSCH UNIVERSITY**
**NOMINATION OF MEMBERS FROM AMONG ITS RANKS TO SERVE ON:**
**(1) THE SU COUNCIL**
**(2) THE EXECUTIVE COMMITTEE OF CONVOCATION AS VICE PRESIDENT**
**(3) THE INSTITUTIONAL FORUM**

To all members of the SU Convocation

1. Background

In terms of clause 47(1) of the SU Statute (2019) the composition of Convocation is as follows:
“47. (1) The Convocation of the University is composed of:
(a) all persons on whom a qualification has been conferred at a congregation of the University;
(b) the rector, the vice-rectors, chief operating officer and the full-time academic staff of the University; and
(c) former full-time academic staff of the University who have left the service of the University on account of their having reached retirement age.”

In terms of clause 48(2)(a) of the SU Statute (2019)
“The Convocation must: (a) elect members from its ranks to the Council and the Institutional Forum in accordance with clauses 6(k) and 29(2)(d)(i)”

And in terms of clause 50(1) and (2) of the SU Statute (2019)
“51. (1) The Convocation must elect from its ranks a president, a vice-president, a secretary, and two other members, who form the executive committee of the Convocation.
(2) A member of the executive committee holds office for three years and may be re-elected but may not hold their offices for more than three consecutive terms.”

Against this background we now put out the following call to the members of Convocation:

(1) CALL FOR NOMINATIONS FOR TWO MEMBERS OF CONVOCATION TO SERVE ON THE SU COUNCIL

In terms of clause 6(k) and 8(5) of the SU Statute (2019), members of Convocation are hereby invited to submit nominations for the election of two members of Convocation to serve on Council for a four-year term, in the vacancy of Dr Louise van Rhyn who resigned from Council in terms of clause 9(1)(a) of the Statute and Dr Leon Schreiber whose term will end on 1 April 2026 respectively.

The other Convocation member serving on Council is Mr Waldimar Pelser whose term will conclude on 29 September 2028.

In pursuance of clause 7 of the Statute (2019), the following requirements for nominees apply:

- A candidate must be a person with knowledge and experience relevant to the objects and governance of the University;
- A candidate may not already serve in another capacity on the Council;
- A candidate may not be 70 years or older on the date that their term starts;
- A candidate may not be an employee of, or student at SU; and
- No candidate may be a member of the Council of another institution of higher learning or be employed in a permanent executive, managerial capacity at the level of, or equivalent to, a dean or higher by such an institution.

The onus is on the proposer, seconders and the nominees to ensure that the nominations are valid and aligned with the SU Statute and Institutional Rules: Convocation, and that due consideration is given to representation with regard to race, gender and disability.

Members of Convocation are hereby invited to submit nominations for suitable candidates to fill these vacancies on Council in terms of the Procedure to nominate, elect and appoint Convocation Members to serve on the Council and Institutional Forum (please see the Convocation webpage - link below).

For more information, kindly refer to the nomination process section further down in this notice.

(2) CALL FOR NOMINATIONS FOR VICE-PRESIDENT TO SERVE ON THE EXECUTIVE COMMITTEE OF CONVOCATION

In accordance with clause 51 of the Statute (2019), Convocation must elect from its ranks a president, a vice-president, a secretary, and two other members, who will form part of the Executive Committee of Convocation. Dr Theo de Jager (President), Mr Bernard Pieters (Secretary), Ms Isabelle de Taillefer, and Mr Jan Naude de Villiers (additional members) are already serving as the executive committee of the Convocation, but a vacancy arose when Mr Johan Acker Smit resigned from his position as Vice-President.

In terms of clause 51(5) of the Statute (2019) a person elected to fill a vacancy in the executive committee holds office until the expiry of the three-year term of the other members of the executive committee, and may be elected again, but may not hold the office for more than three consecutive terms.

The election process is guided by the Procedure to Nominate and Elect the Convocation Executive Committee (please see the Convocation webpage – link below).

Members of Convocation of Stellenbosch University are hereby invited to nominate members to serve as the Vice-President on the Executive Committee of the Convocation for the remainder of the term of three (3) years of the other members, until 31 May 2027. The (three-year) term of the newly elected Vice-President will be from the day the results of the election are announced until 31 May 2027.

For more information, kindly refer to the nomination process section further down in this notice.

(3) CALL FOR NOMINATIONS FOR ONE MEMBER OF CONVOCATION TO SERVE ON THE INSTITUTIONAL FORUM (IF)

In terms of clause 29(2)(d)(i) and 30(1) of the SU Statute, "one person, who may not be an employee or student of the University, elected from its ranks by the Convocation" must serve in the Institutional Forum for a three-year term.

Members of Convocation are hereby invited to submit nominations for suitable candidates to fill this vacancy on the IF in terms of the Procedure to nominate, elect and appoint Convocation Members to serve on the Council and Institutional Forum.

**Nomination process**

A nomination form and all relevant information and documents are available on the Convocation webpage.

The same nomination form may be used to nominate a member of Convocation for one or more of the vacancies. Nominations are open and will close on **19 April 2026 at 23:59.**

You will find that there are several iterations of the same nomination form. This is to accommodate members who prefer inserting signatures as images or those signing in Adobe. If you are unable to use these methods, please print, complete, sign and scan the nomination form. We will only accept electronic forms.

**Nomination forms must reach us before 23:59 on 19 April 2026.** No late nominations will be accepted. Kindly note that we will not be sending out reminders before the closing date.

A member must be nominated for election by one (1) proposer, and four (4) other members must support the nomination. Please clearly indicate on the nomination form, the position(s) for which the member is making themselves available.

The nomination must be accompanied by a declaration by the nominee that they accept the nomination and will abide by the rules for the election, and by a vision statement of **no more than 200 words** by the nominee. Non-compliance to the rules will lead to an invalid nomination. The nomination may also include a CV (optional).

Nominations must be submitted via e-mail to elections@sun.ac.za on or before the closing date.

Should you have any questions, kindly direct them to elections@sun.ac.za

Dr Ronel Retief
REGISTRAR
Stellenbosch University
17 March 2026

Should you wish to opt-out of receiving Convocation-related information, you will need to resign from the Convocation in writing by sending an email to konvokasie@sun.ac.za

---

**KENNISGEWING AAN ALLE LEDE VAN DIE KONVOKASIE VAN DIE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH**
**NOMINASIE VAN LEDE UIT EIE GELEDERE OM TE DIEN IN:**
**(1) DIE US-RAAD**
**(2) DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE KONVOKASIE AS VISEPRESIDENT**
**(3) DIE INSTITUTIONELE FORUM**

Aan alle lede van die US-Konvokasie

1. Agtergrond:

In terme van klousule 47(1) van die US-Statuut (2019) is die samestelling van die Konvokasie soos volg:

“47. (1) Die Konvokasie van die Universiteit bestaan uit:
(a) alle persone aan wie ŉ kwalifikasie by ŉ kongregasie van die Universiteit toegeken is;
(b) die rektor, die viserektore, uitvoerende bedryfshoof en die voltydse akademiese personeel van die Universiteit; en
(c) voormalige voltydse akademiese personeel van die Universiteit wat die diens van die Universiteit verlaat het as gevolg daarvan dat hulle die aftree-ouderdom bereik het.“

In terme van klousule 48(2)(a) van die US-Statuut (2019):
“Moet die Konvokasie (a) lede uit eie geledere tot die Raad en die Institusionele Forum in ooreenstemming met klousules 6(k) en 29(2)(d)(i) verkies;”

En in terme van klousule 51(1) en (2) van die US-Statuut (2019):

“51. (1) [Moet] die Konvokasie uit eie geledere ŉ president, ŉ visepresident, ŉ sekretaris, en twee ander lede verkies, wat die uitvoerende komitee van die Konvokasie uitmaak.
(2) ŉ Lid van die uitvoerende komitee beklee die amp vir drie jaar en mag weer verkies word, maar mag nie die amp vir meer as drie opeenvolgende termyne beklee nie. “

Teen hierdie agtergrond rig ons nou die volgende oproepe aan die lede van die Konvokasie:

(1) OPROEP VIR NOMINASIES VIR TWEE KONVOKASIELEDE OM IN DIE US RAAD TE DIEN

In terme van klousule 6(k) en 8(5) van die US-Statuut (2019) word lede van die Konvokasie hiermee uitgenooi om nominasies in te dien vir die verkiesing van twee lede van die Konvokasie om in die Raad te dien vir 'n termyn van vier jaar, in die vakatures van dr. Louise van Rhyn wat uit die Raad bedank het ingevolge klousule 9(1)(a) van die Statuut en dr Leon Schreiber wie se termyn op 1 April 2026 ten einde kom.

Die ander Konvokasie-lid wat tans in die Raad dien, is mnr. Waldimar Pelser. Sy termyn kom op 29 September 2028 ten einde.

In nakoming van klousule 7 van die Statuut (2019) geld die volgende vereistes vir genomineerdes:

- 'n Kandidaat moet oor kennis en ervaring beskik wat relevant is tot die oogmerke en bestuur van die Universiteit;
- 'n Kandidaat mag nie reeds in 'n ander hoedanigheid op die Raad dien nie;
- 'n Kandidaat mag nie 70 jaar of ouer wees op die datum waarop die termyn begin nie;
- 'n Kandidaat mag nie 'n werknemer of student van SU wees nie; en
- Geen kandidaat mag 'n lid van die Raad van 'n ander hoëronderwysinstelling wees of in 'n permanente uitvoerende, bestuursvlak-hoedanigheid by die vlak van, of gelykstaande aan, 'n dekaan of hoër by so 'n instelling in diens wees nie.

Die onus rus op die voorsteller, sekondante en die genomineerdes om te verseker dat die nominasies geldig is en in lyn met die US-Statuut en die Institusionele Reëls: Konvokasie, en dat behoorlike oorweging geskenk word aan verteenwoordiging ten opsigte van ras, gender en gestremdheid.

Lede van die Konvokasie word versoek om nominasies vir geskikte kandidate in te dien om hierdie vakatures in die Raad te vul ingevolge die Prosedure om Konvokasie-lede te nomineer, te verkies en aan te stel om op die Raad en die Institusionele Forum te dien (raadpleeg die Konvokasiewebblad).

Vir meer inligting, verwys asseblief na die afdeling oor die nominasieproses aan die einde van hierdie kennisgewing.

(2) OPROEP VIR NOMINASIES VIR VISEPRESIDENT OM IN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN DIE KONVOKASIE TE DIEN

In ooreenstemming met klousule 51 van die Statuut (2019) moet die Konvokasie uit eie geledere 'n president, 'n visepresident, 'n sekretaris en nog twee lede verkies wat deel vorm van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie.
Dr. Theo de Jager (President), mnr. Bernard Pieters (Sekretaris), me. Isabelle de Taillefer en mnr. Jan Naudé de Villiers (addisionele lede) dien reeds as die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie, maar 'n vakature het ontstaan toe mnr. Johan Acker Smit uit sy pos as Visepresident bedank het.

In terme van klousule 51(5) van die Statuut (2019) beklee 'n persoon wat verkies word om 'n vakature in die Uitvoerende Komitee te vul die amp tot die verstryking van die driejaar-termyn van die ander lede van die Uitvoerende Komitee, en kan weer verkies word, maar mag nie die amp vir meer as drie agtereenvolgende termyne beklee nie.

Die verkiesingsproses word gerig deur die Prosedure vir die Nominasie en Verkiesing van die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie (raadpleeg asb die Konvokasiewebblad).

Lede van die Konvokasie van die Universiteit Stellenbosch word hiermee uitgenooi om lede te nomineer om as Visepresident in die Uitvoerende Komitee van die Konvokasie te dien vir die oorblywende termyn van drie (3) jaar van die ander lede, tot 31 Mei 2027.
Die (driejaar-) termyn van die nuutverkose Visepresident sal wees vanaf die dag dat die uitslag van die verkiesing aangekondig word tot 31 Mei 2027.

Vir meer inligting, verwys asseblief na die afdeling oor die nominasieproses aan die einde van hierdie kennisgewing.

(3) OPROEP VIR NOMINASIES VIR EEN LID VAN DIE KONVOKASIE OM IN DIE INSTITUSIONELE FORUM (IF) TE DIEN

In terme van klousule 29(2)(d)(i) en 30(1) van die US-Statuut moet "een persoon, wat nie 'n werknemer of student van die Universiteit is nie, uit eie geledere deur die Konvokasie verkies" vir 'n termyn van drie jaar in die Institusionele Forum dien.

Lede van die Konvokasie word versoek om nominasies vir geskikte kandidate in te dien om hierdie vakatures in die IF te vul ingevolge die Prosedure om Konvokasie-lede te nomineer, te verkies en aan te stel om op die Raad en die Institusionele Forum te dien (raadpleeg die Konvokasiewebblad).

Vir meer inligting, verwys asseblief na die afdeling oor die nominasieproses aan die einde van hierdie kennisgewing.

**Nominasieproses**

'n Nominasievorm en alle relevante inligting en dokumente is beskikbaar op die Konvokasie-webblad.

Dieselfde nominasievorm kan gebruik word om 'n lid van die Konvokasie vir een of meer van die vakatures te nomineer. Nominasies is oop en sluit op **19 April 2026 om 23:59**.

U sal vind dat daar verskeie weergawes van dieselfde nominasievorm is. Dit is om lede te akkommodeer wat verkies om handtekeninge as "prentjies" in te voeg of wat in Adobe wil teken. Indien u nie hierdie metodes kan gebruik nie, druk asseblief die nominasievorm uit, voltooi en teken en skandeer dit. Ons sal slegs elektroniese vorms aanvaar.

**Nominasievorms moet ons voor 23:59 op 19 April 2026 bereik.** Geen laat nominasies sal aanvaar word nie. Neem asseblief kennis dat ons nie herinnerings voor die sluitingsdatum sal uitstuur nie.

'n Lid moet deur een (1) voorsteller genomineer word en vier (4) ander lede moet die nominasie ondersteun. Dui asseblief duidelik op die nominasievorm aan vir watter posisie(s) die lid hom-/haarself beskikbaar stel. Die nominasie moet vergesel wees van 'n verklaring deur die genomineerde dat hy/sy die nominasie aanvaar en die reëls vir die verkiesing sal nakom, asook 'n visiestelling deur die genomineerde van **nie meer as 200 woorde nie.**

Nie-nakoming van die reëls sal tot 'n ongeldige nominasie lei. Die nominasie kan ook 'n CV insluit (opsioneel). Nominasies moet per e-pos by verkiesings@sun.ac.za ingedien word op of voor die sluitingsdatum.

Indien u enige vrae het, rig dit asseblief aan verkiesings@sun.ac.za

Dr. Ronel Retief
REGISTRATEUR
Stellenbosch University
17 Maart 2026

Indien u verkies om nie Konvokasieverwante inligting te ontvang nie, sal u skriftelik uit die Konvokasie moet bedank deur 'n e-pos aan konvokasie@sun.ac.za te stuur.

*Forward Together | Masiye Phambili | Saam Vorentoe*